# Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

Deel VII. 6 JUNIE 1952 No. 5.


# A.S.B. HET GROOT PLANNE

## Kongres Sit 4-8 Augustus

### *Minister Strydom Tree Op*

**Die vierde Kongres van die Afrikaanse Studentebond sal nou na alle waarskynlikheid van 4—8 Augustus te Bloemfontein gehou word. Tydens die kongressitting word die toneelfees, waaraan ook Thalia kan deelneem, gehou.**

In 'n onderhoud met die President, mnr. W. J. de Klerk, het hy hom as volg uitgelaat:

**„Die A.S.B. is die klankbord van die Afrikaanse studentelewe van ons land, daarom hoop ons om hierdie kongres ten volle verteenwoordigend te laat wees van die studente van ons land. Alle S.R.-voorsitters word uitgenooi. Dit het tyd geword dat alle geaffilieerde studenterade die A.S.B.-organisasie ten volle benut, dat ons ons kragte kan konsolideer om as hegte eenheid op te tree en 'n verteenwoordigende stem in ons laat hoor. Die hoofbestuur moet sy misnoë andersyds te kenne gee dat die entoesiasme van sy geaffilieerde studenterade hom op so'n lae pyl bevind."**

Die kongres gaan sy finale besluit vaslê oor die nie-blanke verhouding.

Dit het tyd geword dat die A.S.B. nou alle kragte inspan om hom toe te spits op die bestendiging van sy organisasie. Dit sal meebring dat 'n vaste kantoor met 'n sekretaris opgerig word wat op sy beurt swaarder finansiële druk op die takke sal uitoefen. In die verband word verwag dat die takke die hand dieper in die sak sal steek.

Voorts moet 'n nuwe hoofbestuur saamgestel word wat veral aandag sal moet skenk aan die organisatoriese sy van die Bond.

Die reëlings vir die buite- en binnelandse toere moet o.a. ook finaal voorgedra word vir goedkeuring van die kongres.

#### Mees Gewilde Spreker.

Hierdie geleentheid is 'n voorreg wat elke student terdeë sal waardeer. Dit is bekend dat die moontlik is om ook 'n V.P.-leier geleentheid te gee om ons studente toe te spreek.



**Advokaat J. G. Strydom, minister van lande en leier van die Nasionale Party in Transvaal, het hom sopas bereidwillig verklaar om Dinsdagaand 5 Augustus die plaaslike A.S.B.-tak toe te spreek.**

Minister bo twyfel die besigste kabinetslid is, veral wat betref openbare optrede, en ook dat hy 'n uiters gewilde spreker is. Daarom dat ons as A.S.B.-lede en belangstellendes dit as 'n besondere voorreg beskou dat Sy Edele voor ons kom optree.

Die aangeleentheid is 'n splinternuwe ondervinding in ons studentelewe op P.U. Dit is die eerste maal dat 'n minister 'n besondere vereniging van die studente-organisasie kom toespreek.

**Geen vaste sekerheid bestaan oor die onderwerp nie maar na verneem word sal Adv. Strydom se reded gaan oor „'n Republiek in S.A."**

Hierin sien ons ook 'n positiewe ontwikkeling in die opsig, dat ons P.U.-studente begerig is om ingelig te word deur ons leidende politici oor politieke probleme en ideale in ons land. Dit is verblydend om te sien dat daar geen vrees meer in ons Studentebond bestaan om die politici uit te nooi na 'n vereniging wat aan 'n party-politieke organisasie verbind is nie! Daarom dat dit selfs

Die politieke standpunte in ons land verdien sekerlik die aandag van elke student, waar onder ons dikwels beweeg die intelligentia en die toekomstige leiers van ons volk. Ons politici kan vir ons daarom des te meer die mees outoritêre en ingeligte gesigspunte oor die politiek open.

**Te oordele an die groot entoesiasme van die A.S.B.-lede en buitestaanders wil dit voorkom of die hoofgebousaal nie genoeg sitplek kan bied nie en die bestuur sal dit oorweeg of daar nie van groter lokale gebruik gemaak kan word nie. In die verband is selfs sprake van die stadsaal.**

## BAIE DANKIE!

**'n Mens kan dit nie nalaat om spesiaal dankie te sê aan mnre. W. v.d. Bank en W. v.d. Linde en ook mnr. L. P. Potgieter vir die uiters moeilike taak wat hulle met sukses volvoer het nl. om te sorg dat die vragmotors vir die vreugdedag voorsien word. Hulle het seker die moeilikste en veeleisendste taak van almal gehad, maar ons wil hulle verseker dat ons dit baie hoog op prys stel.**

# AANDKONSERT VAN UNIVERSITEITS MUSIEKVERENIGING BEKOOR

## Universiteitskoor Sing Kerskorale van Bach

Die eerste uitvoering van die Universiteitsmusiekvereniging wat vanjaar in die hoofgebousaal gelewer is, het op Dinsdag 20 Mei om 7 nm. 'n aanvang geneem. Die opkoms by hierdie konsert was glad nie skitterend nie en dit is te bejammer dat die Pukke so min belangstelling openbaar. Die saal was nouliks halfvol en hierdie karige gehoor het dan ook meestal uit staflede en gaste bestaan. Is daar dan so min van die studente wat 5/- op hierdie wyse wil belê? By hierdie konsert was daar nie meer as 35 studente teenwoordig nie.

#### Ensembleklas onder Mnr. A. Wegelin.

Hierdie groep van 7 violiste het aan die begin van die konsert twee werke van Susato en Wilaert gelewer, albei waarvan in die middel van die 16de eeu gekomponeer is. Later het hulle nog twee werke van Del Groebells en 'n lewendige stuk van Ruijneman gelewer wat baie applous van die waarderende gehoor uitgelok het.

#### Universiteitskoor onder Mnr. L. Schulze.

Hierdie groep het uit 15 dames en 10 here bestaan. Hulle het 4 kerskorale van Bach gelewer wat van goeie afrigting getuig het en besonder bekoorlik was.

# PUKKE NEEM POTCHEFSTROOM EN VILJOENSKROON OP HORINGS

## GROOTSTE JOOL WAT UNIVERSITEIT NOG OOIT GEHOU HET

### *Studente Kollekteer Fluks vir Tuberkulose-Fonds*

**BY GELEENTHEID VAN ONS JAARLIKSE VREUGDEDAG OP VRYDAG 30 MEI IS DIE PUBLIEK VAN POTCHEFSTROOM SE LIEFDADIGHEIDSIN GETOETS EN NIE TE LIG BEVIND NIE.**

Reeds 'n week voor die groot dag het die Pukke al begin voorbereidings tref om Potchefstroom en Viljoenskroont te verarm. Eers was dit maar net 'n opswepery onder mekaar, maar later is daar met alle erns aan vlotte gebou en aan kostuums gewerk. Hierdie modes het gewissel van 'n ridder (Vervolg volgende kolom).

se uitrusting tot 'n heks op haar besemstok.

**Oorspronklik was die doel om ook vlotte na Klerksdorp en Ventersdorp te stuur maar, ongelukkig kon die reëlings hier nie vlot nie, met die gevolg dat die bewoners van hierdie twee dorpe ons strooptogte vrygespring het. Die Vreugdedagbestuur het hierna egter besluit dat dit nie so maklik met Viljoenskroon sou gaan nie en derhalwe is 'n paar vlotte daarheen gestuur.**

#### 19 Vlotte.

Altesame is daar 19 vlotte, wat een of ander kinderverhaal of sprokie voorgestel het, gebou. Hiervan het 5 na Viljoenskroon afgesit en hierdie poging is met welslae bekroon. Die ander groep wat 'n optog wat bykans 23 myl kruis en dwars deur Potchefstroom afgelê het, het armoede in sy spore gelaat.

Die vlotte was oor die algemeen baie mooi en die standaard was heelwat hoër as die van verlede jaar.

#### „Sneeukoningin" mooiste.

**Professor Kruger en Mej. Gonin** het as beoordelaars van die vlotte opgetree en die vlot van mej. (Vervolg op bls. 3, kol. 3).

**LUCILLE** DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.

Kerkstraat 146,

POTCHEFSTROOM.

KOM SIEN ONS—

vir u

Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede

GEEN & VELLEMAN,

KING EDWARDSTRAAT,

POTCHEFSTROOM.

J. TOD SUTTIE

KOMPLETE

Mans-uitrusters

vir al u

KLERASIE EN ANDER BENODIGDHEDE.

127 Kerkstraat,

Posbus 219 Foon 1

POTCHEFSTROOM

T. WEVER

BOEKHANDEL

en

ANTIKWARIAAT

vir al u

Wetenskaplike

Boeke

—:o:—

Volkskasgebou

Telefoon 1164.

Kerkstraat 62.

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodigdhede

Draadlose, Koelkaste.

Kerkstraat 65,

POTCHEFSTROOM.

Drink en Geniet

S & S

Super Dilla

en

Super Orange

Sherr & Shakinovsky

AUTO LAAN

Foon 16

## *Van S.R.- Weë*

Hiermee wil die Studenteraad sy gelukwensing oorbring aan die Hoofbestuur van die Vreugdedag met die sukses wat u behaal het met die afgelope Vreugdedag. Die vlotte was baie geslaagd en het goed vertoon in die optog. Namens die Studenteraad wil ek u dan ook baie hartlik bedank vir die werk wat u met so 'n groot mate van sukses volvoer het.

* * *

Die kommissie van die Studenteraad wat belas is met die brosjure-eksamen is reeds klaar met die nasien van die vraestelle. Sodra die uitslae deur die Studenteraad bekragtig is, sal dit bekendgemaak word.

Die bestaande reglemente vir studente-toere is deur die S.R. hersien. Heelwat verbeterings is aangebring en artikels is ook bygevoeg. Die hersiende reglemente is in finale vorm deur die Studenteraad op sy jongste vergadering bekragtig.

* * *

Deur die Studenteraad van 1951 is aan ons oorgedra om die bestaansreg van halwe-erekleure te ondersoek. Nadat ons deeglik op die saak ingegaan het, is besluit om halwe-erekleure af te skaf. Daar sal dus voortaan nie meer halwe-kleure op die gebied van sport toegeken word nie.

J. LIGTHELM.
(Voorsitter).

## *KORRESPONDENSIE*

### DIE POS.

**Mnr. P. W. J. Louw.**
Dit is jammer ons het 'n brief so laat ontvang. Ons kan u egter verseker dat die saak ondersoek word en indien nie hierdie keer nie, dan wel volgende keer gepubliseer sal word.

* * *

**Mal'u.**
'n Baie goed gekose naam. Ongelukkig kan ons glad nie vasstel wat u nou eintlik wou sê nie. Die sin in die saak ontbreek bietjie. Probeer maar weer.

* * *

**Dalu.**
Dit lyk of ons die plasing van u briewe sal moet stopsit tot tyd en wyl vrede teruggekeer het.
**Skrywer van Quae cum ita sint . .**
Ons waardeer die poging baie. Ongelukkig is dit te na aan die aard van 'n dergelike reeks artikels wat verlede jaar in „Die Wapad" verskyn het.—Red.

### „Dear Sir".

Captain William Lee Tracy,
Fort Custer,
Michigan.
Dear Captain Tracy,
My sergeant told me that if I studied nights, I might make a first class idiot.
Is this better than a second lieutenant?

Fred K.———
"Dear Sir."

* * *

### 'n Paar Woorde van Dank.

Geagte Meneer,
Ek voel dit my 'n behoefte om van een sakie melding te maak. Dit is nl. i.v.m. die plateprogram op Sondagaande.
Ek wonder of ons besef hoe baie tyd en opoffering dit mnr. **Koos Bosman** kos om aan ons die plesier te verskaf. Ek dink u sal almal saam met sy stem as ek sê dat ons sy opoffering ten seerste waardeer en die program baie geniet. Ons behoort mnr. Bosman te ondersteun in sy poging om geld in te samel vir 'n radiogram en selfs ook deur aan hom plate te leen.
Dankie Koos.
MUSIEKLIEFHEBBER.

EXCELSIOR MEUBELS

Kerkstraat 132. Foon 743.

POTCHEFSTROOM.

Met genoeë nooi ons die Studente uit om die enigste moderne

MEUBELWINKEL IN WES-TRANSVAAL

te kom besigtig.

Dit sal vir u 'n plesier wees om deur ons vertoonlokaal te wandel.

## HELP SOEK!

Die werkverskaffingsburo organiseer weereens om tydelike werk gedurende die Julievakansie vir A.S.B.-lede te kry.

Pukke, ons wil graag van u adresse van moontlike werkgewers in die Transvaal of Noord-Vrystaat hê. As u miskien weet van boere wat studente nodig het op die plaas, sê vir ons. Ons sal u aanbevelings waardeer. Gee die adresse asb. vir **mej. B. van der Merwe**, de Klerk-huis of vir ondergetekende, „Ons Huis" 21:

H. A. VAN DALSEN,
(Publisiteitsbeampte).

ELKE DAG VARS!

TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD en alle KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

BRUIDSKOEKE

Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner

J. P. V.D. WALT,

L.F.V.

KERKSTRAAT 111

(Langs Ackermans)

Foon 929,

POTCHEFSTROOM.

Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.


# *Die Wapad.*

6 Junie 1952.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. T. Herselman
**Administrasiehoof:** J. J. Bekker.
**Tegniese Adviseur:** Jacs. van Rooy.
**Hulp-Adviseur:** B. Olivier.
**Sport (Mans):** D. van der Spuy.
**(Dames):** Mej. T. Struwig.
**Sosiale Aangeleenthede:** Mej. E. Breed.
**Nuus:** D. F. Erasmus.
**Kuns en Wetenskap:** G. van den Bergh.
**Fotografie:** L. J. Potgieter.
**Varia:** F. R. P. de Bruyn.


Ons Huis,
P.U.,
29 Mei 1952.

Geagte lesers,
Gun my 'n paar woorde oor 'n paar sakies wat my so 'n bietjie ontstem.
Ons is almal 'n lekker ou klompie Pukke hier saam en geniet dit om hier te kan wees. Hier is egter etlike dingetjies wat onnodiglik die atmosfeer bederf.
In die eerste plek wil ek graag 'n ietsie sê oor wat my herinner aan 'n klomp tannies wat sit en skinder. In die vorige „Wapad" het die geliefde Dalu die woord „factory" gebruik. Hieroor is hewig in opstand gekom maar nie in die openbaar, of deur 'n ordentlike brief te rig aan die redaksie nie, maar in groepies waarvandaan die nuus dan later met 'n ompad by die redaksie uitkom. . Is hierdie opstandelinge nie dalk persone wat in glashuise woon en dan met klippe gooi nie? Ons noem tog sekere persone in ons omgewing die „Filistyne". Nou toe nou, moet dan nie stout wees nie. Watter afleidings kan nie hieruit gemaak word nie, wat net so erg kan wees as die i.v.m. die „factory".
Verstaan my mooi: ek stem nie saam dat ons sulke woorde algemene terme moet maak nie en met Dalu se uitlatings is ek ook nie altyd eens nie. Maar waar is die redelikheid in hierdie optrede?
Tweedens: waar is daardie lekker ou skerts-dae. Ons ontwikkel nou al meer en meer 'n soort van 'n bakleigees. (Snaaks dat die boks- en stoeiklub nie oorstok is nie!) Ons word darem mos nou al mooi groot. Ek is seker dinge kan baie veraangenaam word as ons ons opstandigheid op 'n vrugbaarder bodem wil gebruik.
Kom ons probeer.

Die uwe,
J. T. HERSELMAN.

# KONSENTRASIEKAMP SE KERKHOF GESKOFFEL

**„Die lyke van die honderde vroue en kindertjies wat hier begrawe lê was die humus vir die akker waarop die tere volksplantjie van die Afrikaner geplant is. Vandag na 50 jaar staan die plantjie sterk en stewig op die bodem van Suidelike Afrika", aldus mnr. G. Schutte tydens die skoffel en skoonmaak van die plaaslike Konsentrasiekamp-kerkhof.**

In 'n kort toespraak wat die verrigtinge vooraf gegaan het, het spreker lof toegeswaai aan die A.S.B. wat hierdie verhewe taak elke jaar op sy skouers neem. Hy het andermaal gewys dat ons voorouers die wordende volksboom met bloed en trane moes grootmaak om te kon wees wat dit vandag is. Daarom pas en betaam dit die Afrikanerjeug om hulde aan die voorgeslagte te bring en te sorg dat die Afrikanernasie nie 'n Suid-Afrikaanse-volk word nie. „Bou voort aan die gebou waarvan u voorouers met soveel smart en lyding die fondamente gelê het!"

Met groot ywer het die Pukke die skoffelgereedskap tussen en om die grafte hanteer en die gewyde grond pragtig skoongemaak. Aan almal wat so entoesiasties meegewerk het, maar veral aan ons dames wat hulle gewig so deeglik ingewerp het sê die bestuur baie dankie. Dit was bemoedigend om so'n groot getal daar te kon sien. As dit dan enigsins as 'n barometer moet dien van ons entoesiasme vir die Afrikaanse Studente Bond kan mens gerus wees.

Tydens die pouse is die warm geswoegde en skoffelende A.S.B.-ers met aangename verversings bedien. Die verrigtinge as afgesluit met 'n kort bedanking deur die Voorsitter, mnr. **Johan Ligthelm**, aan almal wat gehelp het en die sing van Die Stem.

P. W. BUYS

U vertoonwoordiger van

REMBRANDT.

Kockstraat 28. Telefoon 897,

POTCHEFSTROOM.

C. VAN DER MERWE

Kerkstraat 93, Potchefstroom.

POTCHEFSTROOM.

Waarom sad jy loop as jy kan ry?
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger).

Bespaar
TYD, KRAGTE EN SKOENE
deur

'n Fiets aan te skaf.

# Hades Redivivus

## Ante Rem Aliquid Dico.

Kondisionering van die integrerende manifestale substansiële rasideologiese verwikkelinge op die vooraand van die skepping van „die overture tot die „Vliegende parra in die rampspoedige geneties-positiwistiese atmosfeer van „I am in the mood for love" het aanleiding gegee tot die potifering van Wet No. 5 op die liederlike papyri van Hades.

Moedertrane en dreigbriewe het byna sy ontstaan in die wiele gery maar die ongeskonde brutale deursettingsvermoë van Sy Hoogsonedele voorsitter van die Orde van die Bông-Bong-squad met spesiale verwysing na laat aande en tevroeggelegde volstruiseiers vir brekfis, wat niks te doen het met die fies en kiepskeffie van Foefelfontein nie, het verhoed dat Siek van Bekommernis en demophiliese karikature 'n end daaraan maak.

Die doel (nie 'n dame nie) van die wet kom meer of meer en minder en minder neer op 'n illuminasie van die objektiewe transpersonalistiese wending van die humanisties georiënteerde persoonlikheidsideaal van hoërskoolprodukte van wie ons sê „ênergya ôn, eerstejariale outoriteit mê ôn." „Slaat gade de Beest" is die tema. Die Waarie Hasies kom neer op: „Ik weet niet Waarie" en „Soek self je Sot". Die hoogtepunt is 'n „Haarige Ontboeseming van te gou groot".

## Aanklag: Volgens wet no. 5.

Hulle gedra hulle soos regte dore.

## Wet no. 5.

## Wet op Bek- en Klouseer

Hiermede word gedeklareerd dat geen draak, drel of door, bij machte zullen zijn om zijn natuurlijke bakjies uit te vegen en opnuut door lipstiek, Parkers Quink, rooiklip, moerbezziën, of roet, een ander uiterlijk in de plaats ervan te doet stellen. Voorts zult er naarstiglijk op gelet worden dat alle sporen van bloed of dode bloed op de nagelen van de corpus verwijderd zullen worden, opdat er geen heugenis onder de menschen zullen voortbestaan van de barbaarsche en onzedelijke praktijken waaraan genoemde drel, door, enz. in de onderwereld van Hades zich mede vermaakt hebben. Sic attentiam wellustibus inter homines non conspicere esse.

## Verdediging:

Die gekwoteerde wet is van toepassing op mens of dier; hier voor ons is geeneen van beide.

## Vonnis:

Dore is nothing but a rag, a bone and a hank of hair . . . . . a brag, a groan and tanks of air . . . . .

Enkeldore, dubbeldore, julle wat hier begin het om lang rokke te dra . . . wiegend, swaaiend, pronkend, soos fan-tails, dikgevrete en opgeblase kropduiwe het julle hier gekom, menende dat daar nie deur julle camouflage en vertoonbejag en aandagbelus geskou kan word nie. Hier staan julle met die feeble bravado van 'n afgepensioeneerde derderangse mannequin (singularis poetica).

Julle word voëlvry oftewel sonder proteksie verklaar. Elke drie wat julle kry sal julle druk dat julle hik . . . . eina.

*Dixi mater populus.*

## Conclutie

„Wat zijn ze onaanschoulik, deze opgesmukt pronkpouen oftewel kropduiwen! Waarom werden ze voor de ogen van de oude vaderen niet verdelgen! Neen, verdelgen ze niet, maar verwyder de white wash van hunne gevreten, en de roof paint oftewel rooiklip van hunne labiale gewasse, opdat er nog veelheden van plezier voor de genoemde oude vaderen in de toekoms weggelegen mogen worden, wanneer deze feminale species uit het onbeskryflijk afgryslijk diepten van verwaandheid, tot volle wasdom komen zullen, geestelijk sowel as corporaal.

Laat ieder vader eveneens gewaarschuwd zijn om zich niet te buite te gaan met de tot wasdomgekomen produkten, soos hierboven uiteengezet, en laat de genoemde produkte het op 't herten bind, dat ze niet alte gou, door vleitaal misleid, in een fool's paradise oftewel een amoreuse verbintenis, vervallen, gesiteerd uit de analen van de auctores perspirandi van de liederlike papyri van Hades, waaruit blykt dat deze onwelvoeglike liggaam de welstand, geestelijk sowel as corporaal, van 'n ieder op de hart draagt.

# WYSHEDE UIT DIE BROSJURE - EKSAMENS

Die doel van die A.S.B. is om die Afrikaanse Studentebond in S.A. aan die gang te hou.

---

Voetbal-erekleure word gegee aan 'n persoon wat baie punte aanteken vir die span.

---

Die funksie van die S.R. is om uitstappies te reël en reisouers aan te stel.

---

Die Raad en Senaat is die dagbestuur van die S.R.

---

Die gewetensklousule is die stryd teen die mense wat die skool op Pretoria wou sien (?)

---

Doel van Die Wapad is om die grondwet en klousules te bevat.

---

Erekleure word toegeken aan persone wat suiwer **ware** P.U.-studente is.

---

Die dirigent moet sorg dat die Alabama-orkes saamgestel word.

---

P.U.-kleure word gebruik veral op sportgebied en vir kleurbaadjies.

---

Doel van die P.U.-volkspelelaer is om vrolikheidsgees aan te wakker.

---

Die De Klerksbeker word toegeken aan 'n **suiwer** manstudent.

---

Funksie van die S.R. is om alle studente se lewensprobleme op te los.

---

Doel van die A.S.B.: Probeer om deel te hê aan groot wedstryde bv. Wes-Transvaalse kampioenskappe.

---

Doel van A.S.B. is om belangstelling te wek by studente om 'n gesonde liggaam en gees te ontwikkel.

---

Doel van Die Wapad is om studente onder mekaar te laat redekawel.

---

Doel van A.S.B. is om 'n vereniging te kry tussen die universiteit van Afrika.

---

Ook hier is by die skool aangedoen en tot groot vermaak van die kleintjies het heks **Tonie Lombaard,** die wenner van die Viljoenskroonvlotte, daar bo op die besem baljaar. Die dorp is verder, gelei deur die musiekvlot en in „„speedcop" deurkruis.

(Vervolg van bladsy 1).

**Bets van der Merwe,** wat die „Sneeukoningin" voorgestel het, as die mooiste aangewys, gevolg deur **Fanie Naudé** se skoen en **Fivaz** se Magaliesberg-gemeente.

Die optog, gelei deur 'n musiekvlot, het om half-agt Vrydagoggend van die hoofgebou af vertrek omring deur studente op fietse wat die eintlike insamelwerk verrig het. Die **„Kinderhof"** het dadelik afgesit dorptoe en met die verhore begin. Die klerk van die hof deel ons mee dat al die beskuldigdes gevonnis is (eienaardig genoeg).

## Skole besoek.

Die res van die vlotte het in twee groepe verdeel en die dorp gefynkam. Al die skole is besoek, wat groot vermaak aan die leerlinge verskaf het.

## Die Pukkie.

Ook die gehalte van ons joolblad was vanjaar veel hoër. Dit sal seker nog 'n mooi bedraggie oplewer.

Die Vreugdedag-vreugde is Vrydagaand in die hoofgebousaal met 'n geselligheid afgesluit.

By die opstel van hierdie berig was al die buit nog nie getel nie maar daar word gehoop om minstens £350 te haal. Hierdie bedrag sal egter sekerlik deur lyste aangevul word, wat glo vir die Julievakansie uitgereik gaan word.

## Viljoenskroon.

Na vele swoeë het die Viljoenskroon-groep uiteindelik Viljoenskroon ingevaar. Hier het veral die hof natuurlik die grondboontjieboere laat les opsê.


PARKER EN KIE
(EDMS.) BEPERK

Algemene Handelaars in Ysterware

Foon 30 Bus 245
POTCHEFSTROOM.

Besproeiings-masjinerie en Toerusting voorsien en opgerig.

Werk gewaarborg.

Plaasimplemente en onderdele.
Gereedskap vir vakmanne.

Wapens en Ammunisie, Visgereedskap, Kombuisgereedskap, ens. ens.

BULT FIETS en SKOEN REPARASIEWINKEL
VIR BESTE DIENSTE.
Von Wiellighstraat 7,
POTCHEFSTROOM.

TOETS JOU OË
by
M. SINGER
F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)
OOGARTS
by die
MOOIRIVIER APTEEK
KERKSTRAAT 155,
Foon 380 POTCHEFSTROOM.

ED. L. OOMS,
N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)
OOGKUNDIGE

BRILSPESIALITEIT
OË-TOETS OP WETENSKAPLIKE GRONDSLAG.
KERKSTRAAT 129
(Nasionale Bank-gebou)
Foon 980.
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depôt: Carlzeiss-Jena.

KLERASIE
vir die huisgesin
Alles wat u nodig het teen die Laagste Pryse.
GROOT WAARDE!
KLEIN PRYSE!
Spesiale Behandeling vir Skoliere en Studente.
BLACK EN KIE, BPK.

PLAZA
TEEKAMER
Foon 249 Kerkstraat 105
POTCHEFSTROOM.
Studente !
U word beskou as eregaste in die
• PLAZA •
en daarom kan u spesiale verlaagde tariewe verwag.

GILFILLAN EN STROH
POTCHEFSTROOM.
FIETSE EN FIETSREPARASIES


Hierdie bekende Rembrandt-figuur simboliseer dit wat betroubaar en die moeite wêrd is in tabakvervaardiging. Dit staan vir Rembrandt kurk, ongekurk en Filter de Luxe, en ook Rembrandt VAN RIJN, die ideale dineesigaret—name oproep beroemd vir die uitstaande kwaliteit wat dit aan rokers bied.

ELKE REMBRANDT-SIGARET 'N MEESTERSTUK
Kopiereg R.A. 105

# THEOS NOG ONOORWONNE

## DRAF NOG DRIE SPANNE KAF

**Puk se eerste voetbalspan vaar vanjaar uitstekend! Nog nie een van die Wes-Transvaalse liga-spanne kon daarin slaag om hulle pak te gee nie. Hulle is reeds in die finaal vir die Blaine, wat teen Klerksdorp gespeel word; en verder het hulle nog nie een punt prysgegee in die Neser-kompetisie nie..**

### Proefplaas.

In die wedstryd teen Proefplaas het Styger se kêrels hulle tweedelaaste struikelblok vir die Blaine-uitklopbeker uit die weg geruim met 'n oorwinning van 13 punte (twee doele en 'n drie) teen 5 ('n doel). Hulle vertoning in dié wedstryd was egter baie teleurstellend dog Claassen het gesorg vir twee reuse-vervyfskoppe.

### Beste Wedstryd.

**Die telling van 6—0 (2 drieë) in die wedstryd teen Western Reefs, is nie 'n getroue weergawe van die oorhand wat die Pukke oor hulle opponente gehad het nie.. Die manne het met hulle beste vertoning van die jaar voor die dag gekom en die span van Western Reefs feitlik vir die hele wedstryd in die holte van hulle hand gehad.**

Eerstens het **Steyn** oorgegaan vir 'n klassieke drie en daarna was dit weer **Hurter**, wat die hele wedstryd 'n bars gespeel het, wat gedruk het. Nie een van die drieë is vervyf nie.

### Vriendskaplik.

Aangesien die wedstryd teen Garnisoen uitgestel is, het die Pukke verlede Saterdag 'n vriendskaplike wedstryd teen Lichtenburg gespeel. Helfte van die voorspelers was tweede span kêrels omdat **Styger, Org Rautenbach, Claassen** en **Prinsloo** hulle plek moes volstaan in die Wes-Transvaal span. Desnieteenstaande het Theos. nog met 8 ('n doel en 'n strafskop) 3 ('n strafskop) gewen.. Die drie is deur **Zoeloe** aangeteken en **Putter** het vir die oorblywende punte gesorg.

## TENNIS TEEN PROEFPLAAS

Ook op hierdie gebied het die Universiteit se spelers gewys dat hulle Proefplaas se meerderes is. In 'n baie interessante en opwindende stryd moes Proefplaas die knie buig en die Pukke toelaat om op oortuigende wyse te wen.

# ALABAMA OP SY EERSTE ROOFTOG

## Naweektoer na Vrystaat

### *Eerste Voorsmakie van wat Voorlê*

**Nie alleen het die Vreugdedag so 'n klein kerfie in die Vrystaters se mieliesakke gemaak nie, maar die Alabama, sy naam waardig synde, het die gat in die sak nog verder vergroot deur sy naweektoer na Bothaville en Viljoenskroon. Die toer is met welslae bekroon.**

Nieteenstaande die min slaap van die vorige nag en die vroeg-opstanery die volgende oggend, om nie eens te praat van die baljaardery met die jool nie, het die klompie tog kans gesien om die aand 'n konsert te hou.

### Bothaville.

Hier is die lede ongelukkig vanweë verskeie elemente nie so hartlik soos altyd ontvang nie. Nogtans het die konsert in die groot stadsaal goed verloop en as 'n mens verlede jaar se eerste konsert gehoor het, staan jy verbaas om te sien hoe glad alles vanjaar verloop het op die openingsaand. Die nag het elkeen 'n welverdiende slapie geniet want die bus het die oggend om tienuur eers vertrek.

### Viljoenskroon.

Hier is die groep met die unieke Viljoenskroon-geesdriftigheid en eg-Vrystaatse gasvryheid onthaal. Geen moeite is gespaar om die altyd honger mae te vul nie. (U kan begryp hoeveel moeite dit kos om so iets te doen!) Die aand was die saal reeds vroeg vol en die hele aand deur het 'n geesdriftige gehoor die manne op die verhoog aangemoedig.

### Beste Organiseerder.

**„In die hele Vrystaat is daar seker net een organiseerder soos Oom Sewies", het een van die lede verklaar. Mnr. Sevenster, die plaaslike organiseerder het 'n groot sukses van sy taak gemaak. Boonop het hy en Tant Hessie en Ousus die aand na die konsert die klompie op tee en koek trakteer.**

### Lekker Gees.

'n Tipiese toergees het reeds die naweek onder die klompie geheers. Die Greyhound-bus, dieselfde wat verlede jaar gebruik is en wat vanjaar weer gebruik gaan word, het gedurigdeur weerklink van lustige sang en skerts. Dit was glo sommer 'n lekker ou gees.

### Pa en Ma.

Die reisouers van die geselskap, mnr. en mev. Piet de Wet, of soos hulle genoem word **Oom Piet en tant André**, of sommer kortom pa en ma, was ook saam en het gewis sommer klaar hulle aangepas by die groep en gaan beslis baie gewild wees onder hul kinders, wat nogal 'n kuns is.

### Die Program.

**Die program bied vanjaar skeidenheid ligter en swaarder musiek, boeremusiek, volkspele en—dansies, 'n toneeltjie en enkele solo-items, voordrag, samesang en natuurlik die onvermydelike Willie van der Bank met sy onuitputlike grappeskatkis!**

### Eie Komposisie.

'n Item wat baie byval gevind het by beide die gehoor en die toerlede, is **Flippié Snyman**, die toerleier, se baie oulike eie komposisie met 'n naam niks anders as die „Brandsiek Varkie" nie!

### Die Terugtog.

Met die terugstog moes die manne glo maar versigtig wees, want nie alleen was die nôiens se lippe rooi nie, maar die mans self het soos modepoppe daar uitgesien. Dan het party van die arme kêrels nog swartgemaakte snorre gehad! Dit was 'n moeë maar tevrede klompie wat tweeuur die môre in die bed geklim het.

### DIE GELDJIES.

Volgens berekening is 'n netto bedrag van ongeveer £50 of meer ingesamel. Die belastings en saalbespreking en busonkoste het die sakie so 'n bietjie na 'n laer kerf gebring maar die paar pond kom nuttig te pas.

Volgens 'n woordvoerder wil die klompie glo nou net gaan toer. Hulle is sommer reg vir die ding.


W. J. GROBBELAAR,

Mans- en Dames-Haarkapper

**Kerkstraat 97. Foon 330.**

Probeer ons beroemde

**JAMAL MASJIJENLOOS PERM**

Bekwame Mans-afdeling.

**Sigarette en Fantasie Goedere.**

AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL

**Kerkstraat, Potchefstroom**

vir

**STUDIEBOEKE EN SKRYFBENODIGDHEDE**

Direkte verbinding met Oorsese Uitgewers.

**„Steeds tot U Diens."**

**Foon 363. Bus 149.**

Studente!!!

Vir al u

**HANDBOEKE, SKRYFBENODIGDHEDE, LEERTASSE, GESKENKE, ENS.**

besoek ons en wees verseker van goeie diens.

**UNIE-BOEKHANDEL**

(Edms.) Bpk.

**KERKSTRAAT 90.**

**Foon 497.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË

*DAMES, BESOEK*

LE CHARME

DIE MODERNE DAMES MODESAAK.


**NYLON-KOUSE EN FYN EN BRUIKSAME ONDERKLERE**

'n besondere aantreklikheid. Ons rokke is „duur," maar laag van prys. Vertoon u registrasiebewys en verkry

10% korting op alle inkope.

**Beter Tabak ***

**maak Beter Sigarette**



**Kommando**

**Suid-Afrika se**

*gewildste*

**sigaret**




*** *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.***

GI-30


Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 156, Potchefstroom.